DEEL 116 | WEEK 3| 19 JANUARIE | 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT ... ALD, IT IS ON... OUR



# Bronnies verwelkom nuwe Graad 1's

*Hoërskool Heilbron spog vanjaar met 'n totaal van 38 Graad 1's. Die opgewekte gesiggies sal vanjaar hulle skoolloopbaan afskop by die bekwame onderwysers Juffrou Monica Roux en Winnie Meiring.*

suremarx
brokers

Heilbron bied gratis korttermyn versekering premie vergelykings.

Skakel Merika Erasmus
in verband met:

- Landbou Bate / Agri Versekering
- Kommersiële Versekering
- Oesversekering
- Wild en Lewende Hawe Versekering
- Lugvaart Versekering
- Persoonlike Lyne (Kar, Huis en Inhoud)
- Self Versekering
- En meer

sel: 063 419 6851
tel: 058 852 3378
e-pos: admin6@suremarx.insure

Ons verwelkom graag Sarel Botha by ons span, vir Finansieringsprodukte soos:

- Landbou Inset-Finansiering
- Self Versekering
- Korttermyn Versekering

sel: 082 309 6599
tel: 016 971 1885
e-pos: sarel@suremarx.insure



Kom ontmoet ons span by die KOPPIES RALLY dag.

FSP: 4086

HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Petrus Steyn se inwoners maak hul stem dik oor verbeteringe


Die inwoners van Petrus Steyn kyk met kommer na die toestand van hul dorp, en Heleen Muller, 'n raadslid van die Vryheidsfront Plus (VF+), het haar besorgdheid oor die haglike toestand van die strate duidelik uitgespreek. Muller beklemtoon dat die padnetwerk in Petrus Steyn krities is, sonder die nodige optrede vanaf die plaaslike owerhede.

Volgens Muller is daar areas waar die strate amper onrybaar is, en inwoners moet alternatiewe roetes vind om die slegte dele van die paaie te vermy. Sy deel 'n skokkende prentjie van inwoners wat stadig deur die slote moet navigeer na besoeke aan swart woonbuurte, wat ook beweer dat die paaie in 'n haglike toestand verkeer.

"Heeltemal onaanvaarbaar," sê Muller, wat na bewering herhaaldelik die plaaslike paaie bestuurder gekontak het sonder dat enige noemenswaardige verbeterings ooit gedoen is. 'n Rekwisisie is ingedien, maar Muller is ontsteld oor die tydsverloop van twee tot vier weke vir die opvolg van sake. Hierdie lang wagtye is iets wat sy nie bereid is om sonder kritiek te aanvaar nie.

Muller bring ook die ontoereikende instandhouding van ander openbare fasiliteite soos parke en die begraafplaas ter sprake. In hierdie gevalle is die inwoners gedwing om self die hande uit die moue te steek en die nodige instandhoudingswerk te verrig. Hierdie gebrek aan sorg vir openbare ruimtes vul die gemeenskap met kommer.

Met die verkiesing om die draai, neem die gemeenskap van Petrus Steyn nie hierdie sake ligtelik op nie. Hulle roep die verskeie politieke partye op om verantwoordelikheid te neem vir die slegte toestand van hul dorp en om konkrete oplossings te bied. Die inwoners van Petrus Steyn is vasbeslote om hul stemme te gebruik om 'n positiewe verandering in hul gemeenskap te bring. Hierdie oproep is 'n duidelike boodskap dat die gemeenskap nie bereid is om die huidige toestand van hul dorp te aanvaar nie en dat hulle aanspreeklikheid van hul leiers eis.



## UIT DIE PEN:
## Week 3 van 2024



Ek wonder vandag oor hoe ons met ons moedertaal omgaan. Die simpel grappie lui mos: Dit word "moedertaal" genoem omdat die vaders nooit tyd gehad het om te praat nie.

Toe ek in die laerskool was het Mnr Burger, ons Afrikaansonderwyser, eendag gesê dat ons nie ons tale moet mix nie. As kinders het ons gelag vir sy uitdrukking, min wetende dat almal dit reeds ken. Van toe af het ons lekker ge-mix.

Het jy al na 'n gesprek tussen Afrikaanssprekendes geluister? "Dit was nice," sê die een Afrikaansprekende vir die ander. Engelssprekendes sal weer sê: "Hey, it was lekker."

Interessant dat die een die ander se term gebruik om iets te beskryf.

Wat ek egter glad nie van hou nie, is die tendens om Engels en Afrikaans in so 'n mate te meng dat jy amper nie kan agterkom watter taal nou hier ter sprake is nie. Luister na onderhoude wat oor Afrikaanse radiostasies uitgesaai word. Selfs op die paar Afrikaanse TV kanale. Elke tweede of derde woord is Engels. Wat regverdigbaar is indien die persoon nie Afrikaansprekend is nie. Maar nie as jy Afrikaans as moedertaal gebruik nie. Maar dit is net my persoonlike opinie.

Hulle noem dit selfs "Mengels". Ek is nie bewus van ander tale waar iemand, sê nou maar, Arabies en Spaans meng nie. Indien wel, kan hulle sekerlik na "Arabaans" verwys. Dit sal nie sommer gebeur nie. But everything is possible.

Dit klink amper so:

Ek kan relate met mense wie se vocab nie adequate is om die conversation te verstaan nie. Al wat gebeur is dat mense opgepsych word om lawless te wees. Ek het dit ook al gepost op my social media. Ek het about 1500 followers wat comment, really, dis unbelievable. Profound, sê ek jou.

Die ander dag lees ek dat sekere skole regtig hoë schoolfees het. I mean: What are you thinking? Daai stationery list van hulle is so lank soos my arm. What the heck? Die ergste is dat die kinders hierdie skole love, hulle kan nie wag om skool toe te gaan nie. And the parent must fork out fees.

Wanneer ons in die kar klim, is dit mos dadelik headphones on en hulle luister na een of ander celeb se podcast. Whatever. Anyway, ek sukkel nogal om sonder scars by die skool te kom. Helfte van die drywers ry soos headless chickens. I mean really, where did they get their driver's license? Ridiculous, sê ek jou.

Ek't op my laptop gewerk toe dit ewe skielik, unannounced, loadshedding is. Dis regtig not acceptable. Waarvoor word Eskom betaal? I'm telling you: our money means nothing. Gelukkig het ek nog internet access en ek kon, darem in die comfort of my own home, na 'n paar video clips kyk. Jy moet dit ook kyk: ek forward dit sommer vir jou. Dis net amazing!

Tot sover met die Mengels. Ek dink ek maak my punt.

Die ander dag kyk ek na 'n laataandprogram op een van die Afrikaanse televisiekanale. Die aanbieder gesels met iemand wat Mengels pleeg. Dit krap in my ruggraat af wanneer hy begin praat, want dit smaak my dat sy woordeskat onderontwikkel is. Of glad nie ontwikkel nie.

Hy noem ook sy nuutskepping: "ystervoël" en is baie trots daarop. Sal die nie amazing wees as almal nuwe woorde kan maak vir oues nie? Meen die knaap.

Word wakker, ou perd. "Ystervoël" het al bestaan voordat jy met babapoeier besprinkel is. Jy het nie die woord geskep nie, jy ploeg met ander se kalwers. Hy sal moontlik nie laasgenoemde verstaan nie.

Die Mengelse man verskaf ook die trappe van vergelyking van "moeilik", as ek reg onthou. Volgens hom is dit moeilik, moeiliker, moeilikste en 'n uiterste vorm met 'n drieletter vloekwoord in. Nie baie breinselle gekos om daardie een uit te dink nie. Hy, aan die ander kant, lyk hoogs beïndruk toe hy die aanbieder daarvan vertel. Die aanbieder knip nie 'n oog nie. Swak smaak, dog ek. Dalk dink die aanbieder ook so.

Daar is soveel mooi, beskrywende intensiewe vorme en oortreffende trappe in Afrikaans. Hoekom nie dit gebruik nie?

Ek praat daagliks meer Engels as Afrikaans. Verlede jaar het ek agtergekom dat ek lui raak om in Afrikaans te dink. Ek sou eerder Engelse woorde ingooi, en gedink ek klink baie ghrênd. Totdat ek gehoor het hoe ek klink. So aansitterig.

Die beste is natuurlik wanneer iemand, wat Afrikaansprekend is, iets in Engels verduidelik, aan 'n ander Afrikaansprekende, maar hy of sy kan nie Engels praat nie. Dit klink so:

End den aai tolt hiem dat aai dount wanne doe dat. End aai sêt toe hies browwer: San, aai êm not gouhieng to kwarrel about dis. Dis ies haau iet ies gouhieng toe bie. Den hie sêt toe mie: Aai dount akrie. Joe arrr djast plyn stjoepit.

Wanneer iemand dan aangaan om in Afrikaanse Engels te praat, kan ek my verstom. Hoekom verduidelik jy dit nie in Afrikaans nie?

Wat ek hierdie week nie kan verstaan nie, is hoekom jy nie jou taal met trots kan praat nie? In watter ander taal het ons woorde soos padkos en voertsek? In watter ander taal kan jy in Afrikaans verduidelik dat jy onder deur die leer stap? Probeer gerus laasgenoemde in Engels. Dit klink net nie of dit kan werk nie.

Dalk moet ons elke dag 'n nuwe, beskrywende woord in Afrikaans leer. Of volledig oorslaan na Engels. Ek weet nie.

Ek weet dat ek Afrikaans met trots probeer praat.

# Heilbronners se petisie oor swak waterdienslewering aan burgemeester oorhandig

'n Petisie waarin optrede oor swak waterdienslewering in Heilbron geëis word wat deur 1 571 inwoners onderteken is, is Dinsdagoggend deur Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe aan Me Victoria Mthombeni-de Beer, uitvoerende burgemeester van Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit oorhandig.

In die Petisie word diepe kommer oor die ongenoegsame watervoorsiening in Heilbron aan die gemeenskap uitgespreek. Dit meld dat daar vir die afgelope weke/maande 'n ernstige tekort aan water geheers het en dat die probleme, ten spyte van versoeke tot bystand, nie opgelos is nie.

Daar word ook vermeld dat ten spyte van verskeie pogings van verbruikers om die munisipaliteit/raadslede te kontak om hulp te vra, die probleem onopgelos bly. Daaglikse aktiwiteite soos kook, skoonmaak en self persoonlike higiëne word drasties deur die tekort aan water beïnvloed.

Verbruikers vra dat water rotasie toegepas word sodat beskikbare water billik verdeel kan word. Daarmee word bedoel dat kleppe in die netwerk oop- en toegedraai word sodat elke deel van die dorp genoegsame water ontvang. Die versoek is baseer daarop dat sommige dele van die dorp permanent water het en ander glad nie.

Daar word voorgestel dat die munisipaliteit, indien probleme ondervind sou word om die ligging van kleppe vas te stel, die hulp van Mnr D Naudé sal inroep, 'n oud-werknemer wie oor kundigheid met betrekking tot die pypnetwerk beskik en daarmee sal kan help.

Die uitvoerende burgemeester het met ontvangs van die petisie teenoor raadslid Van Der Merwe opgemerk dat die petisie haar "hande sal sterk" in haar pogings om oplossings vir die voortslepende probleem te probeer vind.


Vertroue in ons toekoms
NADER AAN MEKAAR
Skandeer die kode en sluit aan by die BKB Lewendehawe Whatsapp groep.
Ons is boere. Ons verstaan jou uitdagings en jou drome.
Vir meer as 'n 100 jaar is BKB aan die plaas gebonde. Daarom, by BKB Frankfort, beywer ons onsself vir veeveilings op die plaas. Dit bied verbeterde biosekuriteit, sny vervoerkoste, en verbeter deursigtigheid – alles in die beste belang van ons boere. Wees verseker, met ons deursigtige veeveilingsplatforms en plaaslike kennis, is ons hier vir jou vee.
Saam baan ons die toekoms van landbou, en beweeg ons nader aan mekaar en aan jou. Saam kweek ons welvaart. Dit gaan oor julle - die boere, Frankfort se gemeenskap, ons gemeenskap.
Vir wol- en veilingsnavrae:
JD Steyn 071 454 6789
Bestuurder Besigheidsarea, Frankfort, Memel, Bothapas
www.bkb.co.za
BKB
MENSE | PLANEET | WINS
VOORTREFLIKE DIENS | ENTREPRENEURSKAP | VERDIENSTE | WERKNEMERS | OMGEWING
#GeïntegreerdeIntegriteit

# JD trek 'n 180kg haai in




JD Claassen en sy gesin het hulle Desembervakansie in Jeffreysbaai ten volle geniet. JD, wat 'n passie vir visvang het, het sy tyd optimaal benut deur langs die water te vertoef. Sy stoutste verwagtinge is oortref toe hy 'n Skeurtandhaai met 'n indrukwekkende 170 kg en later 'n tweede een van 180 kg uit die see gehaal het. Claassen deel opgewonde sy ervaring en vertel dat hy gedurende die vakansie 'n hele paar kleiner vissies en haaie met 'n gewig van sowat 90 en 100 kg gevang het. Dit was egter die haai van 180 kg wat sy grootste vangs tot op hede was. Hy beskryf die oomblik van die vangs as 'n opwindende en onvergeetlike ervaring wat sy liefde vir die see en visvang nog meer aangevuur het. Die gesin het hul vakansie aan die kus in die omgewing van Jeffreysbaai deurgebring. JD beklemtoon dat hierdie Desembervakansie vir hom besonders was, nie net vanweë sy indrukwekkende haaivangs nie, maar ook oor die spesiale ontspanne tyd wat hy saam met sy gesin kon deurbring. Die foto's van JD met sy trofee-haai sal sekerlik 'n prominente plek in die familie se huis kry as 'n herinnering aan hierdie spesiale vakansie. Jeffreysbaai, met sy skilderagtige kuslyne en ryk seelewe, het vir JD Claassen 'n onvergeetlike bestemming vir sy gesinsvakansie gebied.

*Foto bo: JD Claassen saam met sy eerste groot skeurtandhaai met 'n gewig van 170kg.*
*Foto onder: JD se tweede vangs met 'n gewig van 180kg.*



## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2024 JAARPROGRAM

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 3 FEBRUARIE | PRETSKIET | 9:00 |
| 17 FEBRUARIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 9 MAART | SKIET OEFENING | 9:00 |
| 16 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 13 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 9:00 |
| 18 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 9:00 |
| 8 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 06 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 9:00 |
| 17 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 07 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 9:00 |
| 05 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 9:00 |
| 08 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 20 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| | | |



# Die Slimkop van Sandersville skitter op die Skerm

Angelo Pienaar, 'n plaaslike inwoner van Sandersville, het onlangs aan die TV-program Fundis op SABC2 deelgeneem. Hierdie gewilde produksie, vervaardig deur die bekwame Johann Stemmet, word aan die gehoor gebring deur die talentvolle komediant Schalk Bezuidenhout en die skerp aanbieder Sorina, oftewel Flooze. Vir Pienaar is hierdie nie sy eerste geleentheid op televisie nie. In 2017 het hy aan Noot vir Noot deelgeneem, maar het ongelukkig in die eerste rondte uitgeval. Dit het hom nie gestop nie. Sy tweede kans was met sy deelname aan die gewilde program 'Musiek Roulette', waar hy met die begeerde boerpot weggestap het. Nou, met sy deelname aan 'Fundis', het Pienaar bewys dat hy nie net van musiek hou nie, maar hy het met sy goeie algemene kennis wéér die episode se boerpot verower.

Vir die inwoners van Sandersville is Pienaar 'n ware verteenwoordiger van hul gemeenskap. Sy voete is stewig geplant en sy glimlag en vrolike voorkoms het hom gou 'n gunsteling op die program gemaak.

Pienaar vertel dat die rede hoekom hy besluit het om deel te neem aan 'Fundis' net was om te sien of hy ook darem slim kan wees. “Ek geniet 'n goeie uitdaging en dink dit is belangrik om uit jou gemaksone te tree."

Dit is nie al nie. In 'n skerp finansiële besluit het Pienaar aangekondig dat hy sy boerpot gelde nie net gaan spandeer nie, maar slim in 'n “mutual fund” gaan belê. "Ek wil sorg dat ek langtermyn-voordeel uit hierdie geleentheid put," sê hy.



*Op die foto: Sorina Erasmus, Angelo Pienaar, Johan Stemmet en Schalk Bezuidenhout.*

# CHOC Flip Flop dag *- 23 Februarie*

*• Sonet van Zyl*
*(Streekbestuurder Vrystaat/Kalahari)*

Flip Flop Dag is 'n pretdag waarvoor jy 'n plakker koop en jou flip flops dra om sodoende jou ondersteuning te wys vir CHOC wat kinders en hul gesinne ondersteun wanneer 'n kanker diagnose gedoen is. Hierdie jaar vind Flip Flop plaas op 23 Februarie.

CHOC Childhood Cancer Foundation of SA het 13 CHOC Huise in Suid-Afrika waar kinders en hul ouers gratis dienste kry wanneer 'n kind met kanker gediagnoseer word. Kinders kan slegs deur 'n pediatriese onkoloog behandel word. Meestal is hierdie onkologie by 'n akademiese hospitaal. Vir die Vrystaat is die onkologie in Bloemfontein by Universitas Akademiese Hospitaal en Netcare Privaat Hospitaal. Tieners gaan na Nasionale Hospitaal. Kinders van reg oor die Vrystaat en selfs Noord-Kaap kom hierheen vir behandeling.

**Die gratis diens wat CHOC bied is soos volg:**
**Verblyf:** CHOC Huis bied gratis verblyf aan 'n ouer en kind tydens behandeling wat insluit etes en vervoer na die hospitaal.

**Transport:** Ouers ontvang 'n klein bedraggie geld om te help met vervoer aangesien baie ouers gebruik maak van die gesondheidsdepartement se transport wat hulle slegs by hul tuisdorp se hospitaal of kliniek aflaai. Die geld help sodat hulle 'n taxi of iemand kan betaal om hul dan na hul huis te neem.

**Padkos:** Omdat ons weet dat ouers en kinders ver moet reis, pak ons vir hulle heerlike padkos in sodat hulle iets het om te eet wanneer hulle teruggaan huis toe.

**Emosionele ondersteuning:** In die saal het ons 'n maatskaplike werker wat saam met die behandeling span werk om seker te maak dat ouers die diagnose en behandeling verstaan. Sy werk ook met die hele gesin om deur die trauma van die diagnose te gaan en indien dit gebeur, help sy ouers ook om besluite te neem en hulle voor te berei op slegte nuus.

**Sterfte hulp:** Die dood van 'n kind is vir enige ouer traumaties en daarom buiten die emosionele ondersteuning, indien 'n kind sterf, betaal CHOC R1000 aan die gesin om ons medelye te betoon en dat ons aan hulle dink.

Soos genoem is alle dienste van CHOC gratis en ons ontvang ook nie staatshulp vanaf enige departement nie en elke streek is verantwoordelik vir hul eie fondsinsameling.

By CHOC is ons leuse "to keep more than hope alive" en deur ons dienste glo ons dat ons hoop gee aan gesinne en die kinders wat met kanker of 'n rare bloedsiekte gediagnoseer is. Deur Flip Flop Dag te ondersteun help jy om daardie hoop lewendig te hou.

15 Februarie is Internasionale Kinder Kanker Dag. Laat weet as ek vir jou ietsie daaroor kan stuur.

Kinderkanker neem geweldig toe, veral onder tieners. Hoe meer mense bewus is hiervan, hoe beter is die uitkoms.

**Navrae: Sonet van Zyl**
**E: sonet.vanzyl@Choc.org.za**
**T: +27 051 522 6671**
**www.choc.org.za**









We are hiring a
**JUNIOR ATTORNEY**

**Skills and Requirements:**
• Completed LLB and admitted as a legal Practitioner
• Own Transport and valid drivers license
• Good communication skills, both written and verbal
• Ability to work under pressure and in a team
• Experience with Caselines and Court Online

• Please only apply for the position if you reach all the requirements
• Competitive Salary
• Please send your CV, copy of your ID and a copy of your degree transcript to: esthe@esthemuller.co.za

# Peppermint Crisp Tart


**INGREDIENTS**
• 2 x packets tennis biscuits
• 1 x tin of caramel
• 500ml fresh cream
• 150g Peppermint Crisp chocolate bars - grated (or Aero Mint)



**INSTRUCTIONS**
Cover the bottom of your dish with the tennis biscuits, making sure you cover the whole dish. Place the tin of caramel into a mixing bowl and mix until smooth.
In a seperate mixing bowl, whisk the cream until stiff peaks form.
Add the whipped cream and 100g of the grated peppermint crisp chocolate to the caramel and mix well. Remember you are going to layer the tart, so don't use all the mixture at once.
Spread the mixture evenly over the tennis biscuits.
Then add another layer of tennis biscuits and caramel mixture and continue until you reach the top.
Sprinkle the remaining peppermint crisp over the top and place in the fridge for 1 hour to set.

# Warm Chocolate Pudding

**INGREDIENTS**
• 1 cup self-raising flour
• 2 tablespoons cocoa powder
• 1⁄2 cup brown sugar
• 80g butter, melted, cooled
• 1⁄2 cup milk
• 1 egg, lightly beaten
• thick cream and berries for serving



**SAUCE**
• 3⁄4 cup brown sugar
• 2 tablespoons cocoa powder, sifted
• 1 1⁄4 cups boiling water

**INSTRUCTIONS**
Preheat oven to 180°C .
Grease an 8-cup capacity ovenproof baking dish. Sift flour and cocoa into a large bowl. Stir in sugar. Combine butter, milk and egg in a jug. Slowly add to flour mixture, whisking until well combined and smooth. Spoon into baking dish. Smooth top.

**Make sauce:**
Sprinkle combined sugar and cocoa over pudding. Slowly pour boiling water over the back of a large metal spoon to cover pudding. Place dish onto a baking tray. Bake for 35 - 40 minutes or until pudding bounces back when pressed gently in centre.
Serve hot with cream and berries.

## Public Notice

## Application for the Trial Release of genetically modified maize

Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd, P.O. Box 8010, Centurion 0046; hereby informs the public about its intention to submit an application for intentional introduction (conduct trial release) of genetically modified maize events into the South African environment. Maize events to be introduced are DP910521 and DP202216 maize. The aim of the proposed trials is to determine agronomic characteristics of DP910521 and DP202216 maize plants when planted in South African conditions.

DP910521 maize was genetically modified to express the Cry1B.34 protein for protection against certain susceptible lepidopteran pests, the phosphinothricin acetyltransferase (PAT) protein for tolerance to the glufosinate herbicide, and the phosphomannose isomerase (PMI) protein that was used as a selectable marker. DP910521 maize was developed by site-specific integration (SSI) using two sequential transformation steps to (1) insert an integration site sequence (referred to as a "landing pad" sequence) at a specific location of the maize genome using microprojectile bombardment, and (2) insert the intended expression cassettes from the plasmid PHP79620 recombination fragment region into the landing pad in the maize genome using microprojectile bombardment.

DP202216 maize was genetically modified to increase and extend expression of the *zmm28* gene relative to the native *zmm28* gene expression. Both the introduced and native *zmm28* genes encode the ZMM28 protein, a MADS-box transcription factor. The increased and extended expression of the ZMM28 protein results in maize plants with enhanced agronomic performance in certain environmental conditions, through improved plant vigor. DP202216 maize also contains the phosphinothricin acetyltransferase (PAT) protein, which confers tolerance to the herbicidal active ingredient glufosinate-ammonium at current labeled rates. The PAT protein present in DP202216 maize is identical to the corresponding protein found in a number of approved events across several different crops that are currently in commercial use.

The maize varieties that will be tested are white and yellow maize cultivars. The trial release will occur at the following areas: Brits, Carolina, Delmas, Friendenheim, Greytown, Groblersdal, Hoogekraal, Koppies, Leandra, Letsitele, Loskop, Malelane, Middelburg, Nylstroom, Olifantsfontein, Rayton, Vastfontein and White River. The trials will be laid out in approximately 0.5 to 1.0 hectare fields and positioned as stipulated in the guidelines, in order to be in compliance with all required conditions.

Exposure to the environment outside the experimental sites and other maize crops are avoided through both physical measures as well as spatial and temporal isolation. Upon harvesting of the trials, all resulting seed along with plant material remaining in the field, including non-transgenic border rows, are required to be destroyed in compliance with the GMO Act (15 of 1997). The trial site is required to be monitored through the next growing season for volunteer maize plants. Volunteers are required to be destroyed before flowering by mechanical tillage or appropriate herbicide application.

All interested parties should submit comments or objections, in connection with the intended release, in writing to:
The Registrar: Genetically Modified Organisms Act
Private Bag X973
Pretoria 0001
Fax No: 012 319 6298
E-mail: **GMOAppComments@dalrrd.gov.za**

All comments or objections must be received within 30 days from publication of this notice.

# Bronnies verwelkom Graad 1's van 2024

Ogies wat skitter van opgewondenheid, gesiggies wat straal van verwondering en trotse ouers wat trane wegpink was oral op die skoolterrein sigbaar toe die nuwe skooljaar aanbreek.

Mnr. Johnny van der Merwe, waarnemende skoolhoof van Hoërskool Heilbron, het Woensdag die 38 nuwe Graad 1-maatjies hartlik by die skool verwelkom. Soos tradisie is, was ouers genooi om die oomblik saam met hul kinders in die saal te beleef en te geniet. Elke nuweling is ook bederf met 'n oulike teddiebeer vanaf die Bronnies se Bestuurskomitee, wat 'n helder glimlag op elke Graad 1 se gesig gesit het. Die nuwe Graad 1-maatjies is nie net individue nie, maar 'n nuwe groep maatjies wat saam op 'n unieke reis is. Mnr. Van der Merwe het benadruk dat hierdie nuwe hoofstuk in hul lewens 'n geleentheid is vir groei, vriendskap en leer. Die teddiebeer wat hulle ontvang het, is nie net 'n geskenk nie, maar 'n simbool van die omgee en ondersteuning wat die skoolgemeenskap aan elke Graad 1 leerder bied. Met die belofte van 'n helder toekoms, het die nuwe Graad 1-maatjies begin om hul eie stories te skryf. Die eerste bladsy van hierdie nuwe hoofstuk is gevul met opwinding, vriendskap en die belofte van avontuur. Vir die ouers, leerders en elkeen in die skoolgemeenskap is daar 'n gevoel van trots en opwinding oor die potensiaal wat in elkeen van hierdie jong kinders skuil. So begin die reis van die Graad 1's van 2024, vol hoop, geleenthede en drome wat wag om waar te word.

## Troukoors



*James en Chantelise van Heerden is op die 15de Desember 2023 by Esperanza in Pretoria in die eg verbind. James is die seun van James Snr en Carin van Heerden van Heilbron en Chantelise die jongste van drie dogters van Cedric en Monica Stach van Boksburg. Die paartjie verstig hulself in Boksburg waar Chantelise haar beroep in onderwys voortsit en James met bye boer.*





*Hoërskool Heilbron spog vanjaar met 'n totaal van 38 Graad 1's. Die opgewekte gesiggies sal vanjaar hulle skoolloopbaan afskop by die bekwame onderwysers Juffrou Monica Roux en Winnie Meiring.*


## Verwelkom Onnies

Hoërskool Heilbron het Vrydag met hul opening, vier nuwe onderwysers aan die leerlinge in die saal voorgestel en verwelkom. Die nuwe onderwysers bring elkeen iets besonders na die tafel wat help dat die skool onder die beste in die kontrei sal bly.

Juffrou Elza Kriel - Los af in Graad 3 pos. Meneer Graimund Grand is aangestel as Graad 6-7 Natuurwetenskap asook Graad 9 Wiskunde onderwyser. Hy gee ook Landbou vir die Graad 8 en 9's.

Meneer Danie Coetzer gee vir die Graad 7-9 EBW asook Rekeningkunde vir die Graad 10 tot 12's.

Juffrou Danelle de Vos, is die sprankelende nuwe onnie wat elke graad 5-7 kind in 'n Wiskunde "boffin" gaan verander.



Danie Coetzer







*Op die foto vl: Elza Kriel en Danelle de Vos.*

*Foto links: Graimund Grand*






## Fraaiste Gr.1-kompetisie

Herald Office National

Haasbek en boksterte, blink gevryfde skoene en stukkende knieë, 'n oorvol kosblik met 'n oorgroot tas.

Jy't reg geraai - dis die definisie van 'n splinternuwe Gr.1-parrabeen! Ons is op soek na die fraaiste onder die fraaies.

Is jy die ouer van 'n kleinding wat vanjaar in Graad 1 is? Skryf hom of haar gerus in vir die Heilbron Herald se Graad 1-wedstryd en staan 'n kans om as die kontrei se "Bakgatste Maatjie" aangewys te word en 'n geskenkie te wen.

Om in te skryf, volg dié eenvoudige stappe: Stuur jou gunsteling Graad 1-foto via Facebook Messenger na die Heilbron Herald se Facebook-blad. Dit sal dan op die Facebook-blad gelaai word waarna u soveel as moontlik reaksie op u foto kan werf.

Foto-inskrywings sowel as Facebook-reaksies op die foto, sluit op 31 Januarie om 08:00. Geen foto's of reaksies sal daarná vir die kompetisie oorweeg word nie.

**Wanneer die foto gestuur word, stuur ook die volgende inligting saam:**
- Naam en van, van kind
- Naam van skool waar kind as Graad 1 ingeskryf is

Die wenner sal in die koerant van 2 Februarie aangekondig word.
Vir enige navrae kan Hendie gekontak word by 071 175 9807.

**Bepalings en voorwaardes:**
- Die deelnemer moet die Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.
- Die Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel en die beslissing is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal daarná aangegaan word nie.
- Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se reaksies sal vir die kompetisie in ag geneem word.
- Facebook-reaksies wat vir die kompetisie in aanmerking kom, is ondermeer "like", "love", "care", "haha", "wow", "sad" en "angry".
- Slegs kinders wat in 2024 in Graad 1 is mag deelneem.
- 'n Skooltas is as prys te wen.

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **WIHANN NAUDE, Identiteitsnommer 951121 5135 085,** wat ongetroud was en woonagtig was te Vrystraat 40, Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 5 NOVEMBER 2023, **boedelnommer 008926/2023.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

**In the Estate of the Late:**
Surname: **GUZANA**
First names: **SEPHO STIEFIE**
Estate number: **8249/2023**
Identity/passport number: **530520 5371 089**
Date of death: **31/07/2023**
Last address: **ERF 223 MOTHEBE STREET, KWAKWATSI, KOPPIES, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**MARTHA BONISWA GUZANA**
Identity/Passport Number: **580512 0965 089**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**Ref: B0107/0545**
**DATE: 2024/01/10**
**PUBLICATION ON: 2024/01/19**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. TE16592/2009** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **PIET MAKHOBA Identity Number: 381111 5224 088** in respect of certain **ERF No. 41 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE. IN EXTENT: 861 (EIGHT HUNDRED AND SIXTY-ONE) SQUARE METERS.**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 12th day of January 2024.
**Applicant: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Address: 40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**Email address: aktesa@corven.co.za**
**Contact number: 058 852 2035**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T1925/2016** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **JOHANNES THABO MOFOKENG Identity number: 830411 5987 08 1** in respect of certain **ERF 5517 PHIRITONA EXTENSION 9, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE. INEXTENT: 455 (FOUR HUNDRED AND FIFTY FIVE) SQUARE METERS.**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 12th day of January 2024.
**Applicant: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**Address: 40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**Email address: aktesa@corven.co.za**
**Contact number: 058 852 2035**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die gesamentlike boedel van wyle **HENDRIK JOHANNES JOUBERT.**
Identiteitsnommer: **480607 5010 088**
Van: **Greenmanstraat 76, Heilbron**
Wie oorlede is op: **10 April 2023**
en nagelate eggenoot: **Jundith Petronella Joubert**
Identiteitsnommer: **501229 0007 087**
Huwelikstatus: **Getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar**
**BOEDELNOMMER: 007459/2023**
Alle persone wat vordering teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47**
**HEILBRON, 9650**
**Verw: PPvdM/ne**
**Tel: 058 852 2041**
**E-Pos: merlaw@phillaw.co.za**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die gesamentlike boedel van wyle **ELIZABETH JOHANNA VAN ZYL.**
Identiteitsnommer: **391109 0024 089**
**(Getroud buite gemeenskap van goedere)**
Van: **Huis Bron-van-Heil, Heilbron**
Wie oorlede is op: **11 Julie 2023**
**in lewe 'n pensioenaris**
**BOEDELNOMMER: 008184/2023**
Alle persone wat vordering teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47**
**HEILBRON, 9650**
**Verw: PPvdM/ne**
**Tel: 058 852 2041**
**E-Pos: merlaw@phillaw.co.za**









# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**OPSOEK NA WEIDINGSPLAAS**
Dringend opsoek na 'n +/- 200 ha weidingsplaas te koop in die Heilbron, Kroonstad of Koppies omgewing.
Skakel Siriestha 083 226 3408






# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# STUDENTEVERBLYF

**Studenteverblyf in Bloemfontein Universiteit Vrystaat**
Kamers vir studente (slegs dames) beskikbaar. Huis het 6 kamers 3 badkamers, gesamentlike kombuis en woonkamer.
1.5 km van Weshek UV. swembad en braai, afdakke vir motors.
24/7 Sekuriteit.
**Skakel Jakkie 082 202 5943**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
**Vir sny-, hark- en baalwerk.**
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***





DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com





# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***





HERALD Sport

# Sewe houe onder baansyfer

Jackie Leonard wen Saterdag se spel met 43 IPS punte en 'n totaal van 65 houe, nadat sy voorgee van 2 afgetrek is. Dit is sewe houe onder die 72 baansyfer. Die baan rekord is ongeveer 63 houe, wat dit 'n merkwaardige prestasie maak. Eben Stander wen tweede plek met 40 punte en kort op sy hakke is Simon Malgas met 39 punte.

Die "Weekly Green Fee" aanbod is nog geldig tot 31 Januarie 2024, gholfers en amateurs word uitgenooi om gerus te kom speel. Saterdag is gewone spel met "New Year`s Resolutions Gholf day" as tema, afslaan is vanaf 10:30. Almal word genooi om die klub sosiaal te besoek oor die naweek.



*Op die foto vl: Adriaan Smit (president) en Jackie Leonard (wenner).*



*Op die foto vl: Adriaan Smit (president) en Simon Malgas (derde plek).*



*Op die foto vl: Adriaan Smit (president) en Eben Stander (naaswenner).*








**WINKELURE**

**Maandae - Donderdae:** 07:30 - 17:00
**Vrydae:** 07:30 - 16:30
**Saterdae:** 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 22 JANUARIE 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 23 JANUARIE 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

**WOENSDAG - 24 JANUARIE 2024**
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
RANDFONTEIN Weeklikse veiling.
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 25 JANUARIE 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DUNDEE 2-Weeklikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 26 JANUARIE 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

